# God se Vreemde Opdragte 9

Hierdie Bybelspeletjies is geskryf om jou te help om weer jou Bybel te leer ken. Om te besef dat die God van die Bybel se tyd, nogsteeds dieselfde God van vandag is, en dat dit tyd is dat ons Hom weer leer ken. In hierdie speletjie kyk ons na die vreemde opdragte wat God aan Sy kinders gegee het.

## Leidrade: Wie is ek?

- Ek was een van Jesus se dissipels gewees.
- Jesus het my naam verander.
- Ek het iemand se oor afgekap.

God het 'n baie vreemde opdrag aan hierdie man gegee. Gebruik die emoji's en kyk of jy weet wat die opdrag was.



## Antwoord:

Wie is ek? Petrus

## **Opdrag:** Matt 17:24-27

Jesus het vir my gesê om te gaan visvang, binne die eerste vis wat ek uitgerek het se mond, was ‘n silwermunstuk gewees. Hiermee moes ek die tempelbelasting betaal.

## Ekstra vrae wat jy kan gebruik:

1. Wat was Petrus se naam voordat Jesus dit verander het? (Joh 1:42)

2. Wie se oor het Petrus afgekap? (Joh 18:10)

3. Waarvoor moes Petrus die muntstuk gebruik? (Matt 17:27)

4. Hoekom het Jesus gesê moet hulle die belasting betaal? (Matt 17:27)

## Antwoorde:

1. Simon

2. Die slaaf van die hoëpriester wat Jesus gevange geneem het.

3. Hy moes tempelbelasting daarmee betaal.

4. Hulle moenie die mense aanstoot gee nie.